

I.M.S.

Vol. I, No. 55

MUNISIPALITEIT



UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

16 SEP 1964

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

STELLENBOSCH

24 Julie 1964.

WEER EENS KOLLEKTELYSTE

Ons ontvang nog steeds klagtes van inwoners dat persone met kollektelyste rondgaan wat nie die stempel van die Munisipaliteit dra nie.

Die reëling die afgelope jare was dat enige instansie wat van huis-tot-huis kollektes wil opneem, eers die goedkeuring van die Stadsraad daartoe moet kry. Die bewys vir sodanige toestemming is die amptelike stempel van die Stadsraad op die kollektetvorms.

Die publiek word andermaal baie dringend versoek om geen bydraes op ongestempelde lyste te gee nie. Dit is slegs langs hierdie weg dat ons sal kan verhinder dat ongeoorloofde persone en liggeme die reëlings van die Munisipaliteit verontagsaam.

BOOMAANPLANTING

Ons Bosboudepartement was die afgelope paar maande hard besig met nuwe boomaanplantings en tot dusver is reeds meer as 200,000 bome geplant, hoofsaaklik in die Lynedochgebied. Die weer het natuurlik mooi saamgespeel.

ONS STELSEL VAN HOOFPAAIE

Ek het reeds gevra dat die Stadsraad reeds die afgelope maande aandag aan ons netwerk van paaie in en om Stellenbosch gee. Net soos ander snelontwikkelende dorpe moet ook ons rekening hou met die geweldige toename in verkeer die afgelope jare en ons uitleg van strate en paaie so ver moontlik daarby aanpas. Nuwe paaie moet dikwels beplan word, terwyl bestaandes verlê of verbreed moet word.

Uit die aard van die saak word private belangte dikwels hierdeur geraak en so is dit dan ook in ons geval. Een van die voorgestelde hoofpaaie loop oor die Coetzenburg-sportterrein en verder deur Krigeville en die inwoners van laasgenoemde sowel as die Universiteit het sterk beswaar teen hierdie voorgestelde pad.

Die Raad is begerig om die padstelsel so gou moontlik te finaliseer en met die oog hierop is 'n samespreking in die loop van die week gehou waarby onder andere mnr. A. P. Venter, L.U.K., en amptenare van die Administrasie asook die Rektor van die Universiteit en ander verteenwoordigers van die Universiteit en verteenwoordigers van die Afdelingsraad aanwesig was. Daar word gehoop om eersdaags finaliteit oor die ingewikkeld en moeilike vraagstuk te kry.

BOUBEDRYWIGHEDDE GEDURENDE MEI

Gedurende Mei is daar bouplanne ingedien ter waarde van R40,870 wat almal belasbaar is. Die totale waarde van bouwerk wat hierdie jaar sedert 1 Januarie 1964 ingedien is, beloop volgens verslag R1,293,020 waarvan R924,220 belasbaar is en R368,800 nie belasbaar is nie.

WAARDERING

Op Donderdag, 23 Julie 1964, het mnr. H. D. R. Blok die aftree-ouderdom bereik nadat hy meer as 24 jaar in die diens van die Munisipaliteit gestaan het. Mnr. Blok het hier gekom in verband met die aanbou van die eerste behuisingskemas en daarna die Superintendent van Behuising en ook die Superintendent van Kaya Mandi geword. Met die toenemende omvang van die werksaamhede is Naturelle-administrasie van Behuisingsake losgemaak en mnr. Blok het die hoof van die Raad se Bou-afdeling geword, sowel wat ontwerp van geboue en skemas betref, asook die onderhoud van Munisipale geboue. Mnr. Blok het diep spore getrap, en ek is baie bly dat hy nog verder in die diens van die Stadsraad sal staan. Hy verkeer in uitstekende gesondheid en met sy ondervinding en kennis van sake sal hy vir die Raad en publiek van Stellenbosch nog baie beteken.

Mnr. Fred Roux, 'n afstammeling van die Doornbosch- en Libertas-Roux's, verlaat die diens aan die einde van hierdie maand nadat hy ongeveer $2\frac{1}{2}$ jaar as komiteeklerk vir die Raad gewerk het.

Mnr. Roux het elders 'n baie aantreklike betrekking aanvaar, waar hy die geleentheid sal hê om sy besondere gawe

waarvan hy op Stellenbosch bewys gelewer het, ten volle te gebruik.

Die Raad sal hom baie mis en ook sy kollegas onder wie hy baie gewild was.

In die geval van mnr. Roux beteken dit dus afskeid, dank vir getroue dienste, en die allerbeste wense vir sy toekomstige loopbaan. In die geval van mnr. Blok spreek ek graag uit naam van die Raad my innige waardering uit vir wat hy vir Stellenbosch tot dusver gedoen het. Ek hoop dat hy in staat sal wees om nog baie jare in diens van die Raad te bly.

31st July, 1964.

THE DEPUTY MAYOR

Like all his many friends, the members of the Council were very sorry indeed to hear that our Deputy Mayor, Dr. J. C. de Wet, had to undergo a rather serious operation at the local hospital. I am glad to be able to state, however, that at the time of my writing this Review it was expected that Dr. de Wet would leave hospital by Thursday of this week.

No doubt he will have to convalesce at his home for some time but I sincerely hope that he will soon be able to take his seat at the Council meetings again where his presence is always needed and appreciated.

ABATTOIRS

We have in this "Review" from time to time informed the public of the Council's intention of building new and up-to-date abattoirs. In matters of this nature, the Meat Control Board exercises a large measure of authority and all new schemes for abattoirs have to be approved by this body. This is understandable as the Board is in a position to co-ordinate developments and thereby be instrumental in applying a national policy, with reference to such matters as lay-out and equipment, centralisation and marketing.

Our discussions with the Meat Control Board have been going on for a considerable number of years and it was only some months ago that our plans were adopted in principle. At more or less the same time we were informed of the appointment of a Government Commission of Enquiry into Abattoirs and Council thereupon decided to await the report of the Commission, as its findings might affect the issue. This

report has now come to hand and the Council is at present studying the recommendations contained therein.

At the same time we feel that the present position is most unsatisfactory and a final decision in this matter cannot be delayed very long.

THE LANGENHOVEN MEMORIAL HALL

In response to the Council's advertisement regarding a proposed exchange of land between the Municipality and the University, a number of objections have been received, which together with the remarks of the Council will in due course be forwarded to the Administrator for a final decision.

COURSE IN LEADERSHIP

The Department of Education, Arts and Science has notified the Council that a course in Leadership will be held at Stellenbosch from 28th September to 2nd October, 1964. The participants are to be young people between the ages of 18 and 25, who are not scholars or University students. They will be drawn from the whole of the Western Cape and the mayors of the different towns have been asked to nominate suitable candidates for the course. The official opening will take place in the Banqueting Hall on the morning of 28th September.

The public is invited to submit names of young people of both sexes who in their opinion could benefit by attending such a course.

PERSONAL

The Council took leave on Tuesday of its Committee Clerk, Mr. Fred Roux, who is taking up an appointment with the Cape Chamber of Industries in Cape Town. Our best wishes accompany him in his new career. The meeting also presented the opportunity to thank Mr. H. D. R. Blok, who has reached the retiring age, for what he has done for the Council and for Stellenbosch during his 24 years of faithful service. The Council is glad that his services, in a slightly different capacity and adjusted to the needs of the time, will still be available.

It is interesting to note that from 1926 to 1955 some 3,000 building plans were approved by the Stellenbosch Council. Mr. Blok has dealt with the plans since 1955 and during the subsequent nine years 2,000 plans have passed through his hands. This is indicative of the much greater building activities which have been taking place in our town in recent years.

7 Augustus 1964.

STELLENBOSCH VERWELKOM MNR. EN MEV. P. O.

SAUER

Op Dinsdag, 4 Augustus, het die gemeenskap van Stellenbosch die voorreg gehad om mnr. en mev. Sauer in die Stadsaal te onthaal en hartlik terug te verwelkom.

Die pragtige opkoms is 'n bewys van die liefde en agting wat die publiek van Stellenbosch teenoor hulle koester. Almal is bly dat hulle teruggekom het na die Eikestad, en ons bede is dat hulle verblyf hier geseënd en voorspoedig sal wees.

BEHUISING

Ons Ingenieursdepartement is besig met die aanbring van die nodige dienste vir die uitbreidings in Idasvallei. Dit is wenslik dat veral riool- en hoofwaterpype gelê word voordat die boukontrakteurs op die toneel verskyn. Daar word voor-siening gemaak vir 168 huise waarvan ongeveer die helfte op sub-ekonomiese en die ander helfte op ekonomiese grondslag verhuur sal word. Afgesien daarvan, is daar ongeveer 60 verkoopserwe waarop eienaars op eie koste woonhuise sal kan oprig.

Die Munisipaliteit doen alles in sy vermoë om sy deel van die werk af te handel sodat tenders aangevra kan word.

DIE NORA TYERS CRÈCHE

Dit is vir ons almal 'n groot skok dat die gebou wat lange jare op die hoek van Van Ryneveldstraat en Hammanshangweg gestaan het, vroeg Dinsdagoggend toe dit nog donker was, deur 'n brand verwoes is.

Ek spreek graag my meegevoel met die Kindersorgvereniging en veral ook met mev. Jessie Keet uit, dat sy na al die jare waar sy soveel goeds vir ons Kleurlinggemeenskap kon doen, nou moet beleef dat die goeie werk op so 'n manier onderbreek word. Daar sal nou vinnig gedink en gehandel moet word om die noodsaaklike dienste wat by die Crèche verrig is, voort te sit.

BOUBEDRYWIGHEDDE GEDURENDE JUNIE 1964

Waar ons in Mei slegs bou-aansoeke ter geskatte waarde van R40,870 behandel het, is die syfer vir Junie weer heelwat hoër, t.w. R138,580. Hiervan is R102,580 belasbaar en R36,000 nie belasbaar nie. Daardeur bereik die geskatte waarde van

alle planne sedert 1 Januarie 1964, die bedrag van R1,431,600. Hiervan is R1,026,800 belasbaar en R404,800 nie belasbaar nie. Eenhonderd-en-elf bouprojekte word tans uitgevoer.

NOGMAALS DIE HONDE

In die uitgaaf van 17 Julie 1964, het ek na aanleiding van klagtes wat ek ontvang het, die vraag van beheer van honde bespreek. Dit het heelwat reaksie uitgelok en sekere voorstelle is gemaak, party waarvan nogal taamlik drasties is, soos byvoorbeeld, dat alle honde wat los rondloop geskut moet word en slegs ná betaling van 'n boete weer gelos word. As hulle nie binne drie dae gehaal word nie, so lui 'n voorstel, moet hulle van kant gemaak word.

'n Verdere voorstel is dat eienaars wie se honde deur hul geblaf 'n oorlas vir 'n omgewing word, beboet moet word.

Die Raad het besluit om verdere oorweging aan die saak te skenk.

MUNISIPALE GRONDE

Die grootste tasbare bate van die Munisipaliteit van Stellenbosch is ongetwyfeld die paar duisend morg grond wat hy besit en wat strek van die hange van Stellenboschberg tot by Lynedoch.

'n Groot deel van hierdie gronde word verhuur vir landboudoeleindes, terwyl ander wat nie vir landbou so geskik is nie, geleidelik met bome deur die Munisipaliteit self beplant word.

Van tyd tot tyd word die vraag geopper of die Munisipaliteit, in plaas van die gronde te verhuur, dit nie maar moet verkoop nie. So het die Stellenbosch-Vlottenberg-Grondbewaringskomitee onlangs die mening uitgespreek dat om verwaarloosing te voorkom, grond eerder verkoop as verhuur moet word.

Die Raad het by die oorweging van hierdie saak andermaal sy standpunt bevestig, naamlik, dat die gronde nie verkoop moet word nie, maar sover moontlik vir die nageslag bewaar moet word. Om sommige van die besware van die boere te ontmoet, is die Raad besig om met die Administrasie die moontlikheid te bespreek om langer huurtermyne toe te ken.

14th August, 1964.

BOARDING HOUSE REGULATIONS

It will be recalled that the Council during 1963 adopted a set of regulations which have to be complied with by all owners of premises where more than five lodgers are accom-

modated. Such establishments are according to these regulations, classified as boarding houses, and they have to acquire the prescribed licence, failing which they run the risk of being prosecuted.

The Council has taken great pains to compile a list of such establishments, but the possibility remains that some have inadvertently been omitted. The onus is on the owner to contact the Chief Health Inspector and to supply him with the necessary details. I would like to appeal to all people concerned to assist the Council in the application of the said Regulations.

STREET LIGHTING IN PLEIN STREET

Some time ago we referred in this column to the proposed improvement of the lighting system in Plein Street. Council previously decided to remove the electric poles in the centre of the street and have them erected on the sidewalks, more or less in keeping with the system in Church Street.

Tenders have now been accepted for the necessary equipment and the Electrical Engineer hopes to commence with the work as soon as the required material is delivered.

COURSE IN LEADERSHIP

We referred in a previous issue to this Course which will be held in Stellenbosch from the 28th September to 2nd October, 1964, under the auspices of the Department of Education, Arts and Science. Interested bodies and individuals have been asked to put forward names of suitable candidates of both sexes between the ages of 18 and 25.

The Department has now written to say that the closing date for applications will be 15th August and I would be glad if people who wish to attend the course will communicate with me.

UNITED MUNICIPAL EXECUTIVE

The half yearly meeting of the above body will take place in Pretoria during next week when representatives of all the provinces and S.W.A. will gather to deliberate on a number of issues of interest to local government in this country.

The Town Clerk and myself hope to proceed to Pretoria for the purposes of this meeting. We shall at the same time avail ourselves of the opportunity of discussing a number of local matters with government departments.

W. C. DEMPSEY.

~~PRO EC. 8/64 10390~~